


INLIGTINGSBLAD

Vyfvoudige opeenvolgende verdunning

'n Vyfvoudige verdunning word gedoen deur elke opeenvolgende monster met 'n faktor van 5 te verdun. Elke oplossing sal uiteindelik $1/5^{\text{de}}$ van die konsentrasie van die vorige oplossing wees. Hieronder is 'n voorstelling wat die proses aandui.



Slanggif en teengif

Slanggif is die giftige vloeistof wat in die aangepaste speekselkliere of sakke van giftige slange gestoor word. Giftande is skerp, lang, hol tande wat aan die sakke verbind is. Wanneer 'n slang pik, word die gif vrygestel en beweeg langs die groef op die giftand. Die gif begin dadelik om die prooi te verlam of selfs dood te maak. Nie alle slange is giftig nie.




Slang **teengif** (ook bekend as **antiserum**, meervoud **antisera**) is medikasie wat bestaan uit teenliggaampies wat gebruik word om die byt van giftige slange te behandel. Antisera kan die effekte van die gif voorkom of omkeer deur dit te neutraliseer. Tans is daar 'n dringende behoefte om die beskikbaarheid van veilige, effektiewe en bekostigbare teengif, veral in ontwikkelende lande, te verseker.

Tot 94 000 mense sterf jaarliks as gevolg van slangbyte, met die hoogste aantal sterftes in Suid-Asië en Afrika suid van die Sahara. Die grootste struikelblok om lewens te red, is die wêreldwye skaarste van teengif. In Afrika is die mees effektiewe behandeling 'n veeldoelige teengif wat teen 'n verskeidenheid slange op die kontinent werk. Die teengif is egter duur om te produseer.


[Aangepas: <<https://www.thoughtco.com/how-snake-venom-works-4161270>>
en <https://www.who.int/bloodproducts/snake_antivenoms/en/>
en <<https://za.pinterest.com/derekatkinson22/snake-fangs/>>
en <<https://news.nationalgeographic.com/2016/05/160503-snake-bite-anti-venom-asia-africa-animals/>>]

Figuur A tot C toon die opstelling van die Petri-bakkies vir Deel 1 (Onderzoek)

Figuur A



Figuur B



Figuur C

